9Dinsdag **10 Desember**

**Skrifgedeelte: Esegiël 47:1-5**

**Fokusgedeelte: Esegiël 47:5**

**God eis totale oorgawe!**

God wil hê dat ons moet sien dat die sin van die lewe juis daarin lê om ’n lewende verhouding met Hom te hê. Dit is waarvoor God ons gemaak het.

Daarom roep die Here elke gelowige in hierdie gedeelte op tot oorgawe aan Hom! Die verskillende dieptes van die water stel verskillende vlakke van oorgawe voor. Sommige mense staan dikwels langs die kant. Hulle is nie bereid om naby hierdie water te kom nie en wil daarom ook nie daardeur verander word nie. Hulle lees nie Bybel nie en woon ook nie eredienste by nie.

Aan die ander kant is baie van ons bereid om enkeldiep of selfs kniediep in die water te gaan. Ons doen dit omdat ons graag die seëninge wat in die evangelie beloof word, wil ontvang. Ons gaan egter nie dieper as kniediep in nie, want ons wil nog in beheer wees. Ons wil maklik uit hierdie stroom kan spring wanneer ons bedreig voel. Ons dink en leef dan asof ons in beheer van ons geldsake is! Ons kyk na ons gesondheid deur reg te eet en te oefen en ons sorg vir ons oudag. Ons is in beheer!

Die volgende diepte is heupdiep. Om heupdiep in water te gaan, is anders. Elkeen van ons wat al in die koue see geswem het, sal weet dat dit maklik is om net jou bene nat te maak, maar om tot by jou heupe in die water te gaan, is anders. Jou beheer is skielik baie minder en die water het ’n groter effek op jou liggaamstemperatuur.

So, wanneer ons heupdiep is, kan dit beteken dat ons al in aanbidding voor die Here staan. Dit lyk selfs al of ons lewe deur hierdie water verander word. Ons leef goeie lewens. Ons maak baie opofferings, want ons gaan heupdiep in hierdie water in. Ons gaan byvoorbeeld kerk toe, ons lees Bybel, ons bid en kan selfs sê dat ons ander help. Tog is dit nog steeds nie met volle oorgawe nie, want ons doen dit eintlik vir onsself.

Dit sien ons wanneer beproewings oor ons pad kom. Wanneer daai een golf skielik oor ons koppe slaan, dan vrae ons vrae soos: “Hoe kan die Here toelaat dat so iets met sy kinders gebeur?”

Sien jy waaroor hierdie vraag gaan? Ons leef net goeie lewens sodat die Here ons kan seën. Ons is nie gehoorsaam alleen omdat ons Hom liefhet nie. Ons wil nog op ons eie voete staan.

Wanneer ons egter volledig in hierdie water ingaan, dan gaan dit nie meer vir ons oor ons voorspoed en geluk hier op aarde nie. Ons gee onsself dan ten volle oor aan God. Sy wil moet geskied en deur my lewe wil ek Hom alleen eer.

Ons sal net onsself so in oorgawe kan gee wanneer ons besef dat Jesus sy lewe as offer gegee het sodat ons gered kan word. Hy is die ware tempel waaruit hierdie lewende water begin vloei en soos die water vloei, word die water net al dieper en dieper, want dit is hoe diep sy liefde en genade en verlossing strek. Ons kan onsself aan Hom oorgee, want Hy het sy lewe vir ons gegee! Hierdie oorgawe lyk skrikwekkend, maar ons kan Hom met ons lewe vertrou!

*Sing: Psalm 116-1:1, 5*

*Dr. PJ (Paul) de Bruyn (Windhoek-Suid)*